

## DIE TIRANNIE VAN SELEKTIEWE INLIGTING

Details wat Afro Fishing (Pty) Ltd en sy ondersteuners ignoreer

Die “*details*” deur ‘n “*panel of experts*” t.o.v. Afro Fishing (AF) se “*state of the art*”, vismeelverwerkingsaanleg en soos in die Mossel Bay Advertiser (21/11/2019) breedvoerig uiteengesit, noodsaak ook kritiese vrae vanuit ‘n ander perspektief. Vergun my om dus van hierdie selektiewe inligting te verskil.

- Om die V & A Waterfront met Mosselbaai se hawe aan die Indiese oseaan te vergelyk, is om appels met appelfies te vergelyk. Indien die beheer van slegte reuke in Kaapstad se hawe so effektief is, waarom spog AF dan so met hul nuwe tegnologie, skynbaar soorgelyk aan die vismeel fabriek in Peniche, Portugal? Is dit omdat daardie aanleg aan EU standaarde voldoen of omdat dit waarskynlik belange in die visbedryf van Angola (voormalige Portugese kolonie) het?
- Die belegging van **R300 - 350 miljoen** kom glo uit die “buiteland” . Steeds word die plaaslike publiek in die duister gehou van watter land(e) en wie die belegger(s) in hierdie maatskappy is. Wie is almal direkteure, hoeveel aandeelhouers en watter land(e) is die kopers van AF se vismeel- en -olie?
- Weereens, hou AF ook die geykte wortel, “**werkskepping**”, voor as die heilige graal tot “*ekonomiese vooruitgang*” vir Mosselbaai. Geen belofte egter van aandele vir die eintlike vissers (wie se kwotas gebruik word) en werknemer verteenwoordiging op hul Direkteurs-vergaderings nie. AF belowe werk vir “**560**” persone: gaan hierdie mense nou voltyds vir 52 weke per jaar betaal word, terwyl AF skynbaar net 4-8 weke intens gaan funksioneer? Watter voordeel hou AF se profyt vd kUSDorp en die brëer gemeenskap in, bv. donasies vir nodige fasiliteite ens?
- Wie se brood man eet, die se woord man spreek. Opvallend is die afwesigheid van onpartydige **mariene bioloë of -ekoloë** op AF se “expert” paneel tydens die inligtingsessie. Alleenlik betrokke is ingenieurs, lug- en omgewing-spesialiste (lg.is net gemoeid met die onmiddellike omgewing op die hawe van AF se nuwe gebou en as hul PPP fasiliteerder).
- Met “**state of the art**” **tegnologie**, word hedendaags verwag dat enige industrie se nuwe geboue “groen” status nastreef, en alleenlik gebruik maak van hernubare energie en water, en **nié** skadelike fossiel-brandstof en produkte soos polypropylene gebruik nie, maar biobaseerde verpakking. Hieroor is die “*details*” van AF stom, waarskynlik omdat die plaaslike munisipaliteit dit nog nie vereis nie?
- Skynbaar beskou AF die besoedeling van ‘n **slegte visreuk** as hul industrie se enigste plaaslike probleem om op te los. Met breedvoerige “*details*” hoe hul fabriek gaan funksioneer, word die gemeenskap wol oor die oë getrek. Is die eienaars van AF bewus van die krisis weens Aardverhitting se oorsake en verwoestende gevolge op land en in die oseane, of is hulle ook Trumpiaanse ontkenners? Wat in Mosselbaai en die see daar gebeur, beïnvloed ook die hele land en ganse planeet. Plaaslike owerhede behoort alleenlik omgewing vriendelike industriëe te werf en toe te laat.
- Wie enige **impakstudie** op die plaaslike marine lewe en omgewing gedoen het vir AF se voorgenome verwerking van “**1, 000 tons per day of raw fish**” (d.w.s. 2

miljoen pond gewig of 1 000 een-ton bakkie vragte per dag) en daarvoor die groen lig gegee het, is onbekend. Skynbaar word direkteure van AF se "... *extensive fishing industry experience plus they own freezing facilities, fish meal plants, fishing vessels and canneries in Angola and Namibia*" (van Zyl in 'n onderhoud 24/7/19), belangriker geag as die navorsing deur wetenskaplikes.

- Volgens AF is ansjovis: "***in abundance in SA waters***" en "omdat dit so olierig en klein is met 'n kort lewensduur, kan dit net ge-oes" en reduseer word tot vismeel en -olie. (Terloops, die Italianers is bekend vir hul ingelegde *la alice* / anchovies as delicatessen). Vismeeel word intensief vir akwakultuur gebruik, so ook antibiotika om die gehokte seevis gesond te hou, maar dra by tot die besoedeling van see-water en die vergiftiging van diere en mense weens die antibiotika weerstandige bakterie in seekos (The Conversation, 1 Dec 2019)
- Ongelukkig is AF se aannames van 'n oorvloed ansjovis ietwat opportunisties. Hierdie vissies se bestaan is nie eksklusief vir vismeelfabriekes bedoel nie. Volgens o.a. **SANBI en mariene navorsers by UCT**, het pelagiese vis 'n belangrike doel in die oseane en is nie so "oorvloedig" soos party vissers beweer nie:

*"Pelagic fish form an important link in the marine food web where they transfer energy produced by plankton to large-bodied predatory fish, seabirds, and marine mammals"*.

*"Sardinops sagax, and other small pelagic fish such as anchovy (Engraulis encrasicolus) ... are important forage fish for larger forms of marine life.... the main prey of a variety of predators such as yellowtail, hakes, tuna, and sharks; marine mammals such as seals, dolphins and whales; and seabirds such as African penguin and Cape gannet..."*

*The ocean is affected by multiple anthropogenic stressors including climate change, the effects of which are already evident in many ocean ecosystems.... changes in the Benguela have already been observed, with a turning point in the **early 1990s** leading to a warming of the waters on the west coast of South Africa. Fishing pressure and environmental shifts outline the role that maintaining high fishing pressure on the west coast played, while **the stock had shifted south and east ... a decline in the relative abundance of adult anchovy and sardine after 2000** (e.g., Coetzee et al., 2008; Mhlongo et al., 2015) **led penguin populations to plummet.... The Agulhas Bank is an important area for the spawning of small pelagic fish and other species.***

- Vergelyk bv. die SA wes- en suidkus van 2019 met die VSA se weskus in 1960: weens hoë aanvraag vir vismeel en -olie en geblikte vis, asook die verlies aan habitat is die sardyn (*Sardinops sagax caerulea*), aan die Kaliforniese kuslyn reeds in die vroeë 1960's tot die punt van uitwissing gevang. Onder die beskerming van 'n streng moratorium in 1967 op die kommersiële vangs van sardyne, het hierdie vispopulasie eers 20 jaar later tekens van herstel begin toon.
- Selfs, in die dokument: (*Annexure K4: DAFF Final Sardine TAC & Anchovy TAB Adjustment 2019*) (verskaf deur EAPrac Environmental Consultants) word gemaak:

**The pelagic industry...** should continue to take appropriate steps to attempt to keep the **sardine by-catch** as low as possible by avoiding areas where a relatively high proportion of sardine is found mixed with **anchovy schools**.

Wie of wat speel waghond in die nag vir die vangs van AF en ander industriële se sardyne, ansjovis en ander pelagiese vissesies?

- Weereens, was inwoners en getroue belastingbetalers tydens 'n eensydige inligting-vergadering deur AF se gekose "panel of experts", onderwerp aan die tirannie van selektiewe inligting, beloftes en gemanipuleer met "high tech" fasiliteite om hul guns te

wen. Oogverblindery. Géén onverbode mariene bioloog was as ‘n “expert” teenwoordig nie. Géén wetenskaplikes om die gehoor oor die jongste navorsing en verifieerbare feite in te lig, en om vrae te beantwoord oor mariene ekologie, -omgewing, -bewaring of die huidige situasie rondom ons kuslyn nie.

- Publieke deelname prosesse (PPP) is selde ‘n wedersydse gesprek waar beswaar-makers ernstig opgeneem word, maar bloot ‘n lastige formaliteit vir die aansoeker om af te handel. Die publiek se kommentaar is ook net ‘n prosedure vir die betrokke outoriteite wat alleenlik aansoeke mag oorweeg maar dit selde afkeur, indien ooit. Politieke partye wat globaal die waarskuwings van klimaatwetenskaplikes bly ignoreer en nie bereid is om bv. die VVO se COP25 voorstelle in hul lande en munisipale areas toe te pas nie, behoort by die stembus uit gestem te word.
- Hou ingedagte. Wêreldwyd word die oseane as bloot ‘n gratis oes- en roofgebied deur die visindustrie beskou, net ‘n permit en kwotas deur owerhede is nodig. Hierdie industrie het géén uitgawe om die see se ekologie gesond en ‘n volhoubare vis voorraad te verseker nie. Op die vastelande moet die landbou-industrie egter duur grond voorberei, groot onkoste aangaan om dit te beplant en instand te hou voordat voedsel ge-oes kan word, mits die weer saamspeel. Selfs ons Nasionale parke is nie bekikbaar vir die blom- en vleisindustrie om met toegekende kwotas, jaarliks daar te gaan gratis oes en roof nie.

Elsa Lamb, 7 Desember 2019

**Bronne:** February 2018: Journal of Marine Systems

Untangling a Gordian knot that must not be cut.....

Artikels deur navorsers by:

Marine Research (MA-RE) Institute, UCT;  
Department of Biological Sciences, UCT  
Centre for Statistics in Environment, Ecology and  
Conservation (SEEC), UCT  
Department of Geography, University of Victoria, Canada

01 December 2019: The Conversation

What we found about bacteria that resist antibiotics in seafood

14 Mei 2018: Daily Maverick – amaBhungane:

Namibian fishing industry cries foul as quota handed to international interests

<https://www.dailymaverick.co.za/article/2018-05-14-amabhungane-namibian-fishing-industry-cries-foul-as-quota-handed-to-international-interests/>

24 July 2019: MosselBayontheline.co.za: Interview with Deon Van Zyl

Fish Meal Plant – the A-Z of what Afro Fishing’s plans are

21 November 2019: Mossel Bay Advertiser:

Details on proposed Fishmeal plant (?)

22 November 2019: Please Comment on Fishmeal plant (C Carstens)

25 February 2019: Plans for Fishmeal factory in Harbour (N le Roux)

07 June 2019: Best practices, Latest technology investigated (Nle Roux)

Cape EAPrac Environmental Consultants:<http://www.cape-eaprac.co.za/>

Annexure K4: DAFF Final Sardine TAC & Achovy TAB Adjustment 2019

6 December 2016: Farmer's Weekly: Mussel farming on the West Coast

28 November 2019 KykNet: Mosselboer Ons Boere, Ons Inspirasie.....

Shellfish farming: Google :

q=shell+fish+farms+on+west+coast+of+france&oq=shell+fish+farms+on+west+coast+of+france&aqs=chrome..69i57.46929j0j7&sourceid=chrome&ie=UTF-8 2019: